

Dinsdag 12 Junie

Skrifgedeelte: Esra 10:1-6

Fokusgedeelte: Esra 10:3-4

Ingrypende optrede mag nodig wees om God se doel na te kom

Sekanja se voorstel dat die Israeliete met vroue uit die heidennasies hulle vroue en kinders moes wegstuur, klink met die eerste hoorslag baie vreemd. Ons moet hierdie “vreemde” voorstel sien teen die agtergrond van God se opdrag dat sy volk nie met mense uit die heidendom mag getrou het nie. Die vreemde vroue kon hulle weglei van die God wat Homself aan hulle verbind het. God het in sy genade ’n verbond met Abraham en sy nageslag gesluit. Hy wou hê hulle moet heilig, afgesonderd, leef. Hy wou ’n God wees vir hulle, en hulle moes sy volk wees. So sou hulle nie verlore gaan nie.

Die Israeliete was telkens ongehoorsaam en het nie God se doel – om afgesonderd vir Hom te leef – nagekom nie. Ingrypende optrede was nodig om weer aan God gehoorsaam te wees. Dit sou hulle hele lewe raak. Ons Here Jesus het dit ook in later jare geleer toe Hy gesê het: “As jou regteroog jou laat struikel, haal hom uit en gooi hom van jou af weg; want dit is beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die vuur gegooi word” (Matt. 5:29).

God het ingrypend opgetree toe Hy sy enigste Seun as offer gestuur het om ons van die sondemag te bevry, sodat ons afgesonderd vir Hom kan leef. Dit verg egter dat ons soms ingrypend ons lewens moet verander om as God se geheiligdes te leef.
Sing: Psalm 25-1:2

Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld)